



# **basic education**

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **VERBRUIKERSTUDIES**

### **EKSAMENRIGLYNE**

#### **GRAAD 12**

**2014**

**Hierdie riglyne bestaan uit 14 bladsye.**

**INHOUDSOPGAWE**

	<b>Bladsye</b>
1. Inleiding	3
2. Assessering in graad 12	4
2.1 Formaat van die Verbruikerstudies-vraestel vir graad 12	4
2.2 Kognitiewe vlakke	5
3. Uitbreiding van die inhoud vir graad 12 (KABV)	5
4. Slot	14

## 1. INLEIDING

Die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir Verbruikerstudies beskryf die aard en doel van die vak Verbruikerstudies. Dit gee leiding aan die filosofie wat die basis is van die onderrig en assessering van die vak in graad 12.

Die doel van hierdie Eksamenriglyne is om:

- Duidelikheid te gee oor die diepte en omvang van die inhoud wat in die graad 12 Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) -eksamen in Verbruikerstudies geassesseer gaan word.
- Bystand te verleen aan onderwysers om leerders doelmatig vir die eksamens voor te berei.

Hierdie dokument gee aandag aan die finale graad 12 eksterne eksamens. Dit behandel op geen vlak die Skoolgebaseerde Assessering (SBA), Praktiese Assesseringstake (PAT'e) of finale eksterne praktiese eksamens, wat in 'n aparte PAT-dokument verduidelik word en elke jaar opgedateer word, nie.

Hierdie Eksamenriglyne moet geles word saam met:

- *Die Nasionale Kurrikulumstelling (NKS) se Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV): Verbruikerstudies*
- *Die Nasionale Protokol vir Assessering: 'n Addendum tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4 op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) rakende die Nasionale Protokol vir Assessering (Graad R–12)*
- Nasionale beleid met betrekking tot die program- en promosievereistes van die Nasionale Kurrikulumstelling, Graad R–12

Verbruikerstudies is 'n dinamiese vak en dit is noodsaaklik dat onderwysers en leerders byhou by die huidige tendense/kwessies/ontwikkelings.

## 2. ASSESSERING IN GRAAD 12

### 2.1 Formaat van die Verbruikerstudies-vraestel vir graad 12 (bl. 64 KABV)

1. Die Verbruikerstudies-eksamen bestaan uit een 3 uur-vraestel van 200 punte.
2. Daar is SES VERPLIGTE vrae wat al die onderwerpe dek.
3. Gevallestudies, scenario's, spotprente, grafieke, prentjies, etikette, spyskaarte en ander bronne sal, waar van toepassing, gebruik word.
4. Elke onderwerp het subonderwerpe, bv.

ONDERWERP	SUBONDERWERPE
Voedsel en voeding	Voeding- en voedselverwante gezondheidstoestande Voedseloordraagbare siektes Voedselbymiddels: kommersiële en huishoudelike gebruik Voedsel etikettering ens.

5. Al die subonderwerpe sal oor 'n drie-jaar-siklus getoets word en nie noodwendig in elke eksamen nie. Onderwysers moet hulself daarvan weerhou om leerders af te rig in onderwerpe wat hulle voorspel. Dit is raadsaam om by die KABV se vereistes te hou.

### FORMAAT VAN DIE VERBRUIKERSTUDIES-VRAESTEL

	INHOUD	PUNTE PER VRAAG	PERSENTASIE PER VRAESTEL	TIME (MINUTES)
VRAAG 1	Kortvrae (alle onderwerpe)	40	20	20
VRAAG 2	Die verbruiker	20	10	20
VRAAG 3	Voedsel en voeding	40	20	40
VRAAG 4	Kleding	20	10	20
VRAAG 5	Behuising	40	20	40
VRAAG 6	Entrepreneurskap	40	20	40
<b>TOTAAL</b>		<b>200</b>	<b>100</b>	<b>180</b>

GEEN afsonderlike antwoordblad sal vir VRAAG 1 (kortvrae) voorsien word nie. ALLE vrae moet in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.

Die vraestel begin met die volgende instruksies en inligting vir die leerders:

*(Die tydtoekenning word bygevoeg om die leerders te help om hulle tyd goed te bestuur sodat hulle die vraestel betyds kan voltooi.)*

1. Al die vrae is VERPLIGTEND.
2. Beantwoord al die vrae in die ANTWOORDEBOEK.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Jy mag 'n sakrekenaar gebruik.
6. Skryf slegs met swart of blou ink.
7. Skenk aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Skryf netjies en leesbaar.

## 2.2 Kognitiewe vlakke

Die eksamenvraestel maak voorsiening vir 'n **reeks kognitiewe vlakke en verskillende moeilikheidsgrade/kognitiewe eise**. Die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV bl. 63) verskaf 'n uiteensetting van die verskillende kognitiewe vlakke van vrae.

KOGNITIEWE VLAK	PUNTE	PERSENTASIE PER VRAESTEL
Laer orde: onthou	60	30
Middel-orde: verstaan, toepassing	100	50
Hoër orde: analiseer, evalueer en skep	40	20
<b>TOTAAL</b>	<b>200</b>	<b>100</b>

## 3. UITBREIDING VAN DIE INHOUD VIR GRAAD 12 (KABV)

**VRAAG 1** moet soos volg beantwoord word:

VRAAG 1:

- 1.1 1.1.1 C
- 1.1.2 B
- 1.1.3 A ens.

Let daarop dat GEEN reëls oopgelaat word nie en dat die hoofletters gebruik moet word. Nadat VRAAG 1.1 beantwoord is, word 'n reël oopgelaat en VRAAG 1.2 word gedoen, bv.

VRAAG 1.2

- |              |    |                        |
|--------------|----|------------------------|
| 1.2.1 F      | OF | 1.2.1 anemie           |
| 1.2.2 C ens. | OF | 1.2.2 cholesterol ens. |

Let daarop dat GEEN reëls oopgelaat word nie en dat hoofletters gebruik word. Nadat VRAAG 1.2 beantwoord is, word 'n reël oopgelaat. Deur 'n reël oop te laat nadat elke onderafdeling van die vraag beantwoord is, is dit maklik om te sien waar elke onderafdeling begin en eindig.

**VRAAG 2: DIE VERBRUIKER**

Hierdie onderwerp staan op sy eie, maar kan ook met Voedsel en Voeding, Kleding en Behuising saamgesmelt word, bv. 'n gevallestudie/stelling/prentjie/spotprent kan gegee word wat die leerder moet interpreteer en vrae wat op die inligting wat verskaf is gebaseer is, sal gevra word.

**VOORBEELDE VAN VRAE:**

Kleding:

- 2.1 Gee DRIE riglyne oor hoe om oor die swak houding van 'n verkoops persoon by 'n plaaslike klerewinkel te kla. (3)

Die leerder moet die verbruikersinligting oor klagtes gebruik en dit op die inligting in die gevallestudie toepas.

Behuising:

- 2.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag.

Toe ek die huis ontruim het wat ek gehuur het, het my verhuurder die meeste van my deposito in sy sak gestee, deur 'n lys deur te gaan van dinge wat stukkend of vermis was voordat ek ingetrek het. Hy het 'n stort afgemerk wat ek op my eie onkoste vervang het. Hy bedrieg duidelik al sy verhuurders met dieselfde kontrolelys.

Hoe verdedig mens jouself teen oneerlike verhuurders?

[Brief in *Business Times*, 2 Oktober 2011]

- 2.2.1 Antwoord die skrywer se vraag. (6)

Die leerder moet die kennis wat hy/sy oor die verbruiker se regte het, gebruik en dit toepas om die probleem in die gevallestudie op te los.

Voedsel en Voeding:

- 2.3 Verbruikers moet produketikette sorgvuldig deurlees voordat voedsel aangekoop word. Verduidelik elk van die volgende met betrekking tot die etikettering van voedselprodukte:

2.3.1 Eise

2.3.2 'Verkoop-teen datum' en 'Beste-voor datum'.

**VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING**

'n Gevallestudie/stelling/prentjie/spotprent/resep/maaltydplan/dieetplan moet gegee word wat die leerders moet interpreteer en vrae wat op die inligting wat verskaf is gebaseer is, sal gevra word.

**VOORBEELDE VAN VRAE:**

3.1 Bestudeer die resep hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

<b>ROLKOEK MET BESSIEVULSEL</b>	
3 groot eiers	
100 ml strooisuiker	
155 ml koekmeelblom	
5 ml bakpoeier	
5 ml vanieljegeursel	
<b>VULSEL:</b>	
500 ml vrugteblokkies (veselperskes, perskes, pere, pruime)	
250 g aarbeie, in skyfies gesny	
200 g lae-vet Griekse vanieljejoghurt	
15 ml strooisuiker	

3.1.1 Gee DRIE redes waarom hierdie resep geskik sal wees vir 'n persoon wat aan diabetes ly (3)

3.1.2 Stel veranderinge aan die bogenoemde resep voor om dit vir 'n persoon wat aan hartvatsiekte ly, geskik te maak. Motiveer die veranderinge wat gemaak word. (8)


3.2 Lees die gevallestudie hieronder en antwoord die vrae wat volg

Na 'n ernstige ongeluk, was Mary se ma lank in die hospitaal. Mary moes na haar jonger broertjie omsien. Mary was net 12 jaar oud. Skielik het sy 'n vol program gehad omdat sy verantwoordelik was vir die huishouding sowel as haar skoolwerk. Sy het ook gereeld haar ma in die hospitaal besoek. Sy het selde tyd gehad vir ontbyt en het 'n vinnige peuselhappie by die skool se snoepwinkel gekoop om haar aan die gang te hou. Op pad terug huis toe van die hospitaal af het sy gewoonlik worsbroodjies of pizza vir aandete gekoop. Sy het baie moeg begin voel.

3.2.1 Identifiseer VIER moontlike gevolge wat hierdie eetpatroon op Mary se gesondheid kan hê en noem EEN oorsaak van elk. Tabuleer die antwoord soos volg:

<b>GEVOLGE</b>	<b>EEN OORSAAK</b>	
(a)	(a)	
(b)	(b)	
(c)	(c)	
(d)	(d)	(8)

3.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



3.3.1 Verduidelik waarom dit vir mense wat aan diabetes ly voordelig sal wees om voedsel te eet wat ryk is aan dieetvesel.

Die leerder moet die effek van dieetvesel op bloedglukosevlakke ken en weet hoe dieetvesel kan help in die bestuur van diabetes.

3.4 Bespreek die voedselverwante gesondheidsrisiko's hieronder geïllustreer:





Leerdere moet die spotprentjie bestudeer:


- Die twee mense is oorgewig/vetsugtig.
- Daar is 'n groot hoeveelheid kos – te veel vir twee persone.
- Hulle voedsel is in die vorm van 'n piramide opgestapel – die voedsel bevat baie vet, koolhidrate, (stysel en suiker) en proteïene.
- Hulle moet hulle kennis van die voedselpiramide sowel as die voedselverwante gesondheidsrisiko's gebruik om die risiko's wat duidelik in die spotprent sigbaar is, te bespreek en redes te gee.

#### VRAAG 4: KLEDING

'n Gevallestudie/stelling/prentjie/lys van klere/uitrustings kan voorsien word wat die leerder moet interpreteer en vrae gebaseer op die inligting wat verskaf is, sal gevra word.

#### VOORBEELDE VAN VRAE

- 4.1 Die grafiek hieronder illustreer drie verskillende tipes modes. Identifiseer en verduidelik elke tipe (**A, B, C**).



(3 x 2) (6)

- 4.2 Bestudeer die volgende mansuitrustings en antwoord die vrae wat volg:

UITRUSTING A	UITRUSTING B	UITRUSTING C
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Noupassende, rekbare langmou hemp met luiperd patroon.</li> <li>• Swart linne onderbaadjie</li> <li>• Swart kantdas</li> <li>• Ontwerpersdenim jeans</li> <li>• Swart skoene</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bruin Madiba-syhemp met lang moue</li> <li>• Swart langbroek</li> <li>• Swart skoene</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Wit langmouhemp</li> <li>• Swart strepiespak</li> <li>• Geblomde das</li> <li>• Swart skoene</li> </ul>

- 4.2.1 Identifiseer die uitrusting wat 'n voorbeeld van 'n mode-gier is. Gee 'n rede vir jou antwoord.

(2)

- 4.3 Bestudeer die uitrusting hieronder wat Thabo werk toe dra. Hy werk vir 'n korporatiewe maatskappy.



- 4.3.1 Thabo gaan na werk 'n informele partytjie bywoon. Verduidelik wat hy aan die uitrusting moet verander sodat dit by die geleentheid sal pas. (3)

### VRAAG 5: BEHUISING

'n Gevallestudie/stelling/prentjie/advertensie mag gebruik word wat die leerders moet interpreteer en vrae gebaseer op die inligting wat verskaf word sal gevra word.

#### VOORBEELDE VAN VRAE

- 5.1 Lees inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

'n Behuisingskompleks het verpligtinge en reëls. Bewapen jouself met inligting oor die regspersoon wanneer jy dit oorweeg om eiendom in 'n behuisingskompleks te koop.

[Aangepas uit *Business Times*, 21 Augustus 2011]

- 5.1.1 Na watter tipe behuisingseienaarskap word in die uittreksel verwys? (1)
- 5.1.2 Gee 'n kort beskrywing van die *regspersoon*. (2)

## 5.2 Lees die scenario hieronder en antwoord die vrae wat volg:

Lucky en Nelly het onlangs hul lewe saam begin en geniet dit om hulle vriende te onthaal. Hulle spaar tans om 'n huis oor drie jaar te koop. Hulle woon in 'n gehuurde woonstel met 'n klein toegeruste kombuisie met 'n spesifieke ruimte van 2 000 mm hoog x 620 mm breed vir die yskas. Nelly wil graag 'n yskas koop as een van hulle korttermyn-doelwitte.

Die twee yskas-vrieskas-kombinasies hieronder is in 'n strooibiljet deur 'n langgevestigde handelaar geadverteer en beide is van dieselfde betroubare vervaardiger.

<b>MODEL A</b> Yskas-vrieskas-kombinasie	<b>MODEL B</b> Yskas-vrieskas-kombinasie
A-energiegradering 346 liter Ontvries outomaties Verstelbare termostaat 24 maande-waarborg Grootte: 1740 mm hoog x 600 mm breed mm x 618 mm diep Prys: R3 989, 00 SABS-goedgekeur	A-energiegradering 430 liter Moet met die hand ontvries word Elektroniese kontrole 24 maande waarborg Grootte: 1881 mm hoog x 595 mm breed x 646 mm diep Prys: R4 989,00 SABS-goedgekeur

5.2.1 Noem SES maniere waarop 'n mens elektrisiteit in die huis kan bespaar wanneer 'n yskas gebruik word. (6)

5.2.2 Kies die yskas-vrieskas-kombinasie wat die beste keuse vir Nelly sal wees volgens die volgende VYF kriteria:

- (a) Beskikbare ruimte in die huis.
- (b) Impak op die omgewing.
- (c) Kenmerke/Funksies.
- (d) Bekostigbaarheid
- (e) Kwaliteit/gehalte

Motiveer jou keuse.

(10)

**VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP**

'n Gevallestudie/Stelling/Strooibiljet kan voorsien word wat die leerder moet interpreteer en vrae wat op hierdie inligting gebaseer is, sal gevra word.

**VOORBEELDE VAN VRAE**

- 6.1 Die sukses van 'n kleinskaalse besigheid gaan nie net oor produkopbrengste nie, kliëntediens en goeie bemerkingstrategie moet ook 'n top prioriteit wees. Stel voor hoe 'n kleinskaalse besigheid sukses kan behaal deur die volgende te implementeer:
- 6.1.1 Goeie kliënteverhoudings (5)
- 6.1.2 Tydsbestuur (3)
- 6.2 Die verpakking van 'n produk beïnvloed die verbruiker om te koop. Regverdig/staaf/motiveer hierdie stelling. (3 x 2) (6)
- 6.3 Bestudeer die strooibiljet hieronder en antwoord die vrae wat volg:

**Siek en sat om koud te kry in die winter?**




**Stel jou voor ...**

warm ore, nek en hande  
en stomende warm sop ...

Wat en waar?

- Musse in 'n verskeidenheid kleure @ R45,00 elk
- Bonkige serpe in 'n verskeidenheid kleure @ R60,00 elk
- Warm handskoene @ R50,00 per paar
- 'n Verskeidenheid tuisgemaakte soppe vanaf R15,00 per porsie

Hierdie produkte kan elke Saterdag gekoop word by

**Winter warmers**

by die mark op die dorpsplein vanaf 09:00-15:00

Koop nou! Moenie nog 'n week laat verbygaan sonder om reg te wees vir die koue nie.  
Jy verdien om warm te bly!

Produkte kan ook by Dudu bestel word

083 706 5434

- 6.3.1 Noem VIER materiële/nie-menslike hulpbronne wat hierdie kleinskaalse onderneming sal benodig om die produkte wat in die strooibiljet genoem word, te vervaardig. (4)

### 3. VOORBEREIDING VIR DIE VRAESTEL

Slegs graad 12-inhoud sal geassesseer word, maar vorige kennis uit graad 10 en 11 kan nodig wees om sommige vrae te interpreteer en te beantwoord.

Op die dag van die eksamen moet leerders:

1. 20 minute voordat die eksamen begin, reeds in die lokaal wees om rustig te raak en om die leestyd maksimum te gebruik.
2. 'n Sakrekenaar, pen, potlood, uitveër, liniaal en 'highlight'-pen, indien moontlik, saambring.
3. Noukeurig deur die vraestel lees en die sleutel/belangrike woorde onderstreep/uitlig om te verseker dat hulle verstaan wat gevra word.
4. Enige gedagtes/woorde wat oor 'n sekere onderwerp onthou word, neerskryf. Hierdie gedagtes/woorde kan die geheue suksesvol aanwakker wanneer hulle die vrae beantwoord.
5. Alle instruksies noukeurig deurlees. Leerders moet bereid wees om hulpbronne te hanteer wat hulle nog nie voorheen gesien het nie omdat leerders in staat moet wees om hulle kennis op enige tipe vrae toe te pas.
  - a. Elke hulpbron noukeurig bestudeer, bv. 'n spotprent, grafiek, tabel, 'n illustrasie of 'n prentjie en hulself die volgende vrae: 'Waaroor gaan dit? Wat vertel dit my? Met watter deel van my kennis hou dit verband?'
6. Netjies en leesbaar skryf met blou of swart ink.
7. Plat taal/'slang' en sms-taal vermy.
8. 'n Reël ooplaai nadat elke subvraag in VRAAG 2–6 beantwoord is. Elke vraag op 'n nuwe bladsy begin en 'n lyn trek nadat die hele vraag voltooi is.
9. Tyd oorhou aan die einde van die vraestel om deur hul antwoorde te lees en enige foute, bv. spelfoute reg te stel.

#### LET WEL:

Neem kennis van die verskille in vertaling in die handboeke wat verwarring en probleme kan veroorsaak, soos aangetoon in onderstaande tabel:

ONDERWERP	BLADSY-NR.	KABV ENGELS	KABV AFRIKAANS	HANDBOEKE
Die Verbruiker	Bl. 36	A warranty and a guarantee	'n Waarborg en 'n vrywaring	Die Afrikaanse handboeke gebruik waarborg vir 'warranty' en 'guarantee'
Kleding	Bl. 33	Brand piracy	Ongeoorloofde gebruik van handelsmerke	Focus/Verken: handelsmerkplagiaat Suksesvolle V-studies: handelsmerkrowery

#### 4. SLOT

Dit word in die vooruitsig gestel dat hierdie Eksamenriglyne-dokument as 'n instrument sal dien om onderwysers te versterk en te bemagtig om geldige en betroubare assesseringsitems in al hul klaskameraktiwiteite op te stel.

Hierdie Eksamenriglyne-dokument is bedoel om die assesseringsaspirasies wat in die KABV-dokument voorgestaan word, te verwoord. Dit is derhalwe nie 'n plaasvervanger van die KABV-dokument, wat onderwysers vir onderrig moet gebruik, nie.

Kwalitatiewe kurrikulum-dekking, soos uiteengesit in die KABV, kan nie oorbeklemtoon word nie.